# Byvoeging tot planbeskrywing

# Betalingskwytskelding sonder toekomstige groei by ongeskiktheid

## Watter voordeel sal voorsien word?

As ons 'n eis erken, sal ons die herhalende betaling van die plan wat ten tye van die eis betaalbaar is, kwytskeld.  Elke keer as die herhalende betaling verskuldig is, sal ons daardie betaling as betaal beskou.  As betalingsgroei op hierdie plan van toepassing is, sal die betaling wat ons as betaal sal beskou daarna nie verder verhoog word nie, selfs al is die herhalende betaling verhoog voor 'n eis erken is.

---

## Spesiale voorwaardes

Spesiale voorwaardes, indien enige, aangaande hierdie voordeel word in die staat uiteengesit.

---

## Eisgebeurtenis

'n Voordeel kan geëis word as die versekerde lewe ongeskik raak, en die ongeskiktheid kom op een van die volgende neer:

- totale, permanente en onherstelbare verlies van
    - die visie in twee oë, of
    - die gebruik van twee hande, of
    - die gebruik van twee voete, of
    - die gebruik van een hand en een voet;
- funksionele inkorting in so 'n mate dat die versekerde lewe
    - totaal, permanent en ononderbroke nie in staat is nie om sy of haar liggaam te versorg of na sy of haar persoonlike belange om te sien, of
    - totaal en ononderbroke nie in staat is nie om die beroepseise te vervul van die beroep wat hy of sy vir inkomste uitgeoefen het onmiddellik voor die funksionele inkorting, met 'n gevolglike verlies aan sodanige inkomste.

Dit is belangrik om daarop te let dat ons nie die herhalende betalings vir meer as een betalingkwytskeldingseis gelyktydig sal kwytskeld nie.

---

## Erkenning van 'n eis

Ons sal slegs 'n eis erken as ons tevrede is dat daar aan al die volgende voorwaardes voldoen is:

- Die eis voldoen aan die beskrywing en vereistes van die eisgebeurtenis.
- Ons ontvang alle inligting wat ons redelikerwys kan vereis.
- Die versekerde lewe het onmiddellik na die liggaamlike besering plaasgevind het, of die siekte begin het, mediese advies verkry en gevolg.
- Alle aspekte van die eis word bewys deur mediese en ander getuienis wat ons redelikerwys kan vereis.
- Die herhalende betalings van die plan is ten volle gemaak.
- Die ongeskiktheid is regstreeks en alleenlik veroorsaak deur 'n liggaamlike besering of 'n siekte.
- Die ongeskiktheid het ononderbroke vir die totale wagtydperk geduur.
- Die liggaamlike besering het plaasgevind, of die oorsaak van die eis is vir die eerste keer gediagnoseer, of die simptome van die oorsaak van die eis het vir die eerste keer gepresenteer, terwyl die dekking vir die voordeel in werking was.

Hierdie voordeel sal gekanselleer word, en die risikogedeelte van alle herhalende betalings wat vir hierdie voordeel gemaak is, sal verbeur word, as 'n eis wat in enige opsig oneerlik is vir hierdie voordeel ingedien word, of as vals inligting voorsien word.

---

## Wagtydperk

Die wagtydperk is tans 6 maande vanaf die datum waarop ons die eis ontvang.  Herhalende betalings moet steeds tydens die wagtydperk gemaak word.

---

## Uitsluitings

Ons sal nie 'n eis erken nie as die ongeskiktheid van die versekerde lewe wesenlik verwyder of verbeter kan word deur chirurgie of ander mediese behandeling, wat ons redelikerwys van hom of haar kan verwag om te ondergaan, met die risiko's daaraan verbonde en die kanse op sukses van sodanige chirurgie of behandeling in aanmerking geneem.

As die versekerde lewe enige tyd sport as 'n beroep uitoefen, of as 'n vlieënier werk, en ononderbroke nie in staat raak om die beroepseise van daardie beroep te vervul nie, sal ons nie 'n eis erken as gevolg van sodanige onvermoë nie.

Ons sal nie 'n eis erken nie as dit regstreeks of onregstreeks voortspruit uit enige van die volgende, waarvolgens die versekerde lewe:

- aan 'n oproer, opstand, onluste, militêre of vyandelike optrede, of 'n daad van terrorisme deelneem;
- moord, aanranding, huisbraak, diefstal, roof, ontvoering, 'n misdaad wat 'n seksuele daad insluit, of 'n misdaad van 'n soortgelyke aard as enige van die voorgenoemde misdade pleeg of poog om te pleeg;
- opsetlik 'n besering aan hom- of haarself toedien;
- dwelmmiddels of medisyne neem wat nie volgens mediese voorskrif is nie, of enige vorm van gemotoriseerde voertuig op 'n openbare pad bestuur, terwyl sy of haar bloedalkoholvlak die wettige beperking oorskry;
- aan 'n kernkragontploffing of radio-aktiwiteit blootgestel is;
- aan grotduik, kommersiële duik, of aan die verkenning van onderwaterwrakke vir finansiële gewin deelneem;
- aan gemotoriseerde wedrenne, spoedwedrenne of akrobatiese vlugte deelneem;

- herhaaldelik aan mikrovliegtuigvlugte, hangsweef, valskermsweef, valskermseil, valduik, valskermspring of golfry in die lug deelneem;
- aan beroepsboks, beroepskopboks of beroepstoei deelneem.

Spesifieke uitsluitings, indien enige, word in die staat onder spesiale voorwaardes uiteengesit.

### Tydelike uitsluitings vir spesifieke toestande

Gedurende die eerste 3 jaar nadat dekking vir die voordeel in werking getree het, sal ons nie 'n eis erken nie as die ongeskiktheid regstreeks of onregstreeks voortgespruit het uit enige van die volgende:

- depressie of distemie, hetsy as 'n episode of afwyking, of as deel van die simptoomkompleks van 'n ander psigiatriese diagnose;
- post-traumatiese stresversteuring;
- fibromialgie;
- chroniese moegheidsindroom en sy sinonieme;
- 'n nek- of rugtoestand, tensy dit een van die volgende is: paraplegie; kwadruplegie; kwaadaardige gewasse van die rugmurg en werwelkolom; of mislukte rugsindroom na veelvuldige spinale chirurgie, op voorwaarde dat 'n spesialis wat ons sal benoem die mate van funksionele inkorting voortspruitend uit die mislukte rugsindroom bevestig;
- 'n besering of siekte wat regstreeks of onregstreeks voortgespruit het uit, of nagespeur kan word tot, enige van die bogenoemde oorsake;
- 'n komplikasie wat regstreeks of onregstreeks aan enige van die bogenoemde oorsake toegeskryf kan word, of aan so 'n besering of siekte;
- 'n newe-effek van behandeling vir enige van die bogenoemde oorsake, of vir so 'n besering of siekte, of vir so 'n komplikasie.

---

## Kwytskelding van betalings

### Wanneer sal dit begin?

Ons sal begin om die herhalende betalings kwyt te skeld vanaf die eerste datum waarop betaling verskuldig is op of na die datum waarop ons die eis erken.

### Hoe lank sal die kwytskelding voortduur?

Ons sal die herhalende betalings kwytskeld vir solank as wat die ongeskiktheid voortduur, maar slegs tot middernag voor die dekkingbeëindigingsdatum, soos in die staat aangedui. Vanaf die dekkingbeëindigingsdatum moet die herhalende betalings hervat word.

As ons die eis erken omdat die versekerde lewe, as gevolg van die ongeskiktheid, nie in staat is nie om die beroepseise te vervul van die beroep wat hy of sy vir inkomste uitgeoefen het onmiddellik voor hy of sy ongeskik geraak het, sal ons die herhalende betalings slegs vir 24 maande kwytskeld. Daarna sal ons slegs aanhou om die herhalende betalings kwyt te skeld as die versekerde lewe ook nie in staat is nie om die beroepseise te vervul van 'n ander beroep wat ons redelikerwys van hom of haar kan verwag om uit te oefen ten spyte van sy of haar ongeskiktheid, met inagneming van sy of haar opvoeding, opleiding en ondervinding.

Terwyl die herhalende betalings kwytgeskeld word, mag ons van tyd tot tyd vir bewys vra dat die versekerde lewe steeds ongeskik is. Ons mag van die versekerde lewe verwag om vir hierdie doel op ons koste ondersoek te word. As die versekerde lewe tot so 'n mate herstel dat hy of sy nie meer ongeskik is nie, sal ons ophou om die herhalende betalings kwyt te skeld.

Ons sal ook ophou om die herhalende betalings kwyt te skeld as

- ons nie die vereiste bewys van die versekerde lewe se ononderbroke ongeskiktheid ontvang nie, of
- die versekerde lewe
    - weier om ondersoek te word, of
    - weier om redelike behandeling op 'n gereelde basis te ondergaan, op sy of haar koste, deur 'n mediese dokter, anders as die versekerde lewe as hy of sy 'n mediese dokter is, of
    - sterf.

As ons ophou om die herhalende betalings kwyt te skeld, moet die herhalende betalings hervat word.

---

## Wanneer sal dekking vir die voordeel begin?

Dit sal begin op die laaste van

- die datum van ons skriftelike aanvaarding van die planhouer se aansoek,
- die dekkingaanvangsdatum vir die voordeel, soos in die staat aangedui, en
- die datum waarop ons die eerste herhalende betaling ontvang, of waarop reëlings tot ons bevrediging vir die eerste herhalende betaling getref is.

---

## Wanneer sal dekking vir die voordeel eindig?

Dit sal eindig

- om middernag voor die dekkingbeëindigingsdatum, soos in die staat aangedui, of
- as die plan om enige rede voor die dekkingbeëindigingsdatum eindig.

### Kan dekking vir die voordeel verleng word?

Ja, onderworpe aan ons nuwebesigheidsvereistes in daardie stadium, kan dit op versoek verleng word, op voorwaarde dat die versekerde lewe nog lewe en ons die versoek voor die dekkingbeëindigingsdatum ontvang.  Ons sal egter nie die dekking vir die voordeel verleng nie as 'n eis vir 'n betalingkwytskeldingsvoordeel vir die versekerde lewe by ons ingedien is, of ons die herhalende betalings kwytgeskeld het, gedurende die jaar wat om middernag voor die dekkingbeëindigingsdatum eindig.

---

## Verduidelikings

### Nek- of rugtoestand

'n Siekte, afwyking of disfunksie van die werwels, rugmurg, tussenwerwelskywe, senuweewortels en ondersteunende spiere of ligamente, asook die regstreekse of onregstreekse gevolge van, of die newe-effekte van enige behandeling toegedien vir, sodanige siekte, afwyking of disfunksie.

### Paraplegie

Totale, permanente en onherstelbare verlies van die funksie van altwee onderste ledemate, met of sonder verlies van derm- of blaasfunksie.

**Kwadruplegie**
Totale, permanente en onherstelbare verlies van die funksie van al vier ledemate.

**Kwaadaardige gewasse van die rugmurg en werwelkolom**
Die onweerlegbare teenwoordigheid van onbeheerde groei en verspreiding van kwaadaardige selle, die indringing van normale weefsel, en die besliste histologiese bewys van 'n kwaadaardige groeisel in die rugmurg en werwelkolom.

**Mislukte rugsindroom na veelvuldige spinale chirurgie**
Wanneer die versekerde lewe, nadat die dekking vir die voordeel in werking getree het, meer as een ruggraatoperasie moet ondergaan op twee of meer werwelskyfruimtes in die lumbale of servikale area, en ten spyte van daardie operasies, steeds erge rugpyn het soos bevestig deur 'n multidissiplinêre pynkliniek.  Sodanige operasies kan diskektomie, vertebrale fusie en interne fiksasie insluit.

---